Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

NELSON MANDELA
1918–2013

FEITEBLAD 20

WEERGAWE 1, 29 JUNIE 2018

In 2018 vier Suid-Afrika en die mense van die wêreld Nelson Mandela se eeufees. Die tema vir die eeufeesvierings is *Wees die nalatenskap*, wat beteken dat elke persoon die egte waardes van Madiba – 'n groot leier wat die wêreld gewys wat onbaatsugtigheid en vergifnis is, wat na vryheid vir alle mense gestreef het, en geregtigheid en gelykheid vir almal behaal het – moet nastreef. Ons kan, deur die uitleef van sy waardes, die droom van 'n beter Suid-Afrika en 'n beter wêreld 'n werklikheid maak. In hierdie feiteblad volg ons Mandela se voetspore van sy geboorte in 1918 tot sy dood in 2013, terwyl aandag geskenk word aan belangrike mylpale tydens sy lewensreis.

Posbus 648, Kaapstad
8000, Suid-Afrika

PO Box 648, Cape Town
8000, South Africa

PO Box 648, Ekapa
8000, Mzantsi Afrika

www.wcpp.gov.za
+27 21 487 1600

- Nelson Rolihlahla Mandela is op 18 Julie 1918 gebore as die seun van ’n stamhoof en hoofraadgewer van die opperhoof van die Thembu en ’n lid van die Madiba-stam.
- Mandela se naam is Rohlihlahla, wat letterlik “trek die boomtak” of in omgangstaal “moeilikheidmaker” beteken. ’n Skoolonderwyser noem hom later “Nelson”.
- In 1934, toe hy 16 was, het Mandela na die inisiatiefskool gegaan vir “ulwaluko”, ’n tradisionele seremonie vir seuns wat mans word. In dieselfde jaar is hy by Clarkebury ingeskryf, die skool waar hy die eerste keer aan ’n Westerse onderwysstyl blootgestel is.
- Mandela is daarná by Healdtown, die Wesleyaanse kollege by Fort Beaufort, ingeskryf waar hy 1938 op die ouderdom van 19 gematrikuleer het.
- Ná hoërskool het Mandela na die Universiteit van Fort Hare gegaan waar hy baie lewenslange vriende, waaronder Oliver Tambo, gemaak het. In 1940 verskil hy met die universiteit oor die verkiesing van die Studenteraad en besluit hy om Fort Hare te verlaat.
- Hy het as ’n klerk en later ’n mynpolisieman by Crown Mines begin werk. Hy is egter ontslaan omdat hy hoofman Dalinyebo uitgedaag het, maar nadat hy berou getoon het en die hoofman oortuig het hy wil in Johannesburg bly, het die hoofman hom sy toestemming gegee asook sy finansiële ondersteuning.
- In Johannesburg is Mandela bekendgestel aan Walter Sisulu, wat hom onder sy vlerk geneem het. Sisulu, wat in 1940 by die ANC aangesluit het, het ’n lewenslange vriend, politieke mentor en vertroueling geword.
- Nadat hy sy BA by Unisa voltooi het, het Sisulu ’n firma wit prokureurs gevind wat Mandela in diens geneem het en hom as ’n ingeskrewe prokureursklerk geregistreer het. Terwyl hy by die firma gewerk het, het Mandela vir ’n BA graad in regte by Wits ingeskryf.
- In 1944 het Mandela by die ANC aangesluit en gou deel geword van ’n groep jong intellektuele wat die dryfkrag geword het om die ANC-jeugliga te stig.
- Op 15 Julie 1944 het Mandela met Evelyn Mase, ’n verpleegkundige by die Johannesburgse Algemene Hospitaal, en ’n niggie van Sisulu, getrou. In 1945 het Evelyn geboorte gegee aan die egpaar se eerste kind, ’n seun genaamd Madiba Thembekile.
- In 1948 het die Nasionale Party net-net ’n slegs blanke nasionale verkiesing gewen met ’n verkiesingsbelofte van ’n nuwe beleid van algehele rasseskeiding bekend as apartheid. Mandela, Sisulu en Tambo het die ANC aangemoedig om met militante massa-aksie te begin. In 1950 het ’n suksesvolle Meidag (1 Mei) samekoms plaasgevind. Die regering wat aan bewind was, het met ongebreidelde brutaliteit gereageer.
- In 1952 het die ANC met ’n veldtog teen apartheidswette begin. Dit is die uitdaagveldtog (“defiance campaign”) genoem en alhoewel dit nie die wette verander nie, het dit die ANC verander in ’n militante organisasie met die steun van die massas.
- Oliver Tambo het in 1952 by Mandela as vennoot in sy regspraktyk aangesluit – die eerste regsvennootskap in die land wat deur swartes bestuur is.
- In Desember 1952 is Mandela en 19 ander aktiviste in hegtenis geneem en ingevolge die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme aangekla en gevonnis tot nege maande gevangenisstraf met harde arbeid. Hy is ook bedien met ’n inperkingsbevel wat hom verbied het om vir ses maande byeenkomste by te woon of Johannesburg te verlaat, maar Mandela het voortgegaan om ’n sleutelrol in al die groot ANC-veldtogte te speel.
- Die spanning van Mandela se toenemende toewyding aan die politiek het tot sy egskeiding van Evelyn in 1958 gelei.

- Mandela was een van 156 leiers wat in hegtenis geneem is en aangekla is van verraad in Desember 1956. Die hoogverraadverhoor het vier en ’n half jaar lank voortgesleep. In 1958 het Mandela met Nomzano Winifred Madikizela, ’n maatskaplike werker van Bizana, getrou.
- In Maart 1961 is hy en sy 36 medebeskuldigdes in die hoogverraadverhoor onskuldig bevind.
- Die Pan-Africanist Congress (PAC) het op 21 Maart 1960 ’n oproep gedoen vir ’n grootskaalse, vreedsame protes teen die paswette. Buite ’n polisiekantoor in Sharpeville skiet die polisie 69 mense dood en wond 200. Dit word die Sharpeville-slagting genoem. ’n Noodtoestand word daarna verklaar.
- Op 8 April 1960 het die regering die ANC en die PAC verban.
- Mandela het sy lewe ondergronds voortgesit en vir die volgende 17 maande ’n vlugteling gebly. Toe dit blyk dat gewelddadige weerstand in Suid-Afrika onvermydelik was, is Umkhonto we Sizwe (Spies van die nasie) gevorm. Mandela, die eerste opperbevelhebber, het in Casablanca guerrilla-opleiding van die Nasionale Bevrydingsfront van Algerië (“National Liberation Front of Algeria” of NLFA) ontvang.
- Op 5 Augustus 1962 is Mandela in hegtenis geneem en gevonnis tot vyf jaar gevangenisstraf vir aanhitsing en omdat hy die land onwettig verlaat het. Mandela was sewe maande by die Pretoria- sentrale gevangenis voordat hy na Robbeneiland oorgeplaas is.
- In Julie het die polisie ’n klopjag uitgevoer op die veilige huis van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party by Liliesleaf Farm, Rivonia. Walter Sisulu, Govan Mbeki, Raymond Mhlaba, Ahmed Kathrada, Dennis Goldberg en Lionel Bernstein is ook in hegtenis geneem. Die polisie het beslag gelê op Mandela se dagboek van sy Afrika-toer, dokumente oor die vervaardiging van plofstof en afskrifte van ’n konsepmemorandum oor ’n guerrilla-oorlog.
- Die Rivonia-verhoor het in Oktober 1963 begin. Mandela is van Robbeneiland gebring om saam met sy kamerade tereg te staan op aanklagte van sabotasie, sameswering om die regering met rewolusie omver te werp, en om te help met ’n gewapende inval van Suid-Afrika deur buitelandse troepe.
- Op 12 Junie 1964 is al die beskuldigdes tot lewenslange gevangenisstraf op Robbeneiland gevonnis.
- Mandela is in die B-afdeling in ’n enkelsel gehuisves om hom af te sonder.
- Mandela het in 1968 besoek aan sy vrou, Winnie, en in Julie 1967 en van sy ma, met sy dogter Makie en seun Makgatho, ontvang. In 1969 sterf sy oudste seun, Thembi.Tussen 1975 en 1976, saam met Walter Sisulu en Ahmed Kathrada, het Mandela sy outobiografie geskryf. Die oorspronklike manuskripte is in die groentetuin begrawe, maar tronkwagte het dit in 1977 gevind. Mac Maharaj het daarin geslaag om afskrifte uit die tronk te smokkel toe hy vrygelaat is. Hierdie manuskrip het die basis van Mandela se outobiografie, *Long walk to freedom*, gevorm wat in 1995 gepubliseer is.
- In 1982 is Mandela en ander politieke gevangenes na Pollsmoor verskuif, en die veldtog "Release Nelson Mandela" begin, met oproepe vir sanksies, een van die sterkste internasionale solidariteitsbewegings in die geskiedenis, die anti-apartheidsbeweging.
- In 1985 verwerp Mandela ’n aanbod van die destydse staatspresident PW Botha om hom vry te laat op voorwaarde dat geweld en die gewapende stryd verwerp word.
- Feeste wêreldwyd, in die besonder ’n 12-uur-musiek konsert in Londen vir Mandela se 70e verjaardag, het baie aandag getrek en talle buitelandse lande het druk op die Suid-Afrikaanse regering begin uitoefen Mandela vry te laat.
- In 1988, nadat Mandela in die hospitaal vir tuberkulose behandel is, is hy na ’n huis by die Victor Verster-gevangenis naby die Paarl geneem.

- Op 4 Julie 1989 het Mandela ’n kort vergadering met staatspresident PW Botha by Tuynhuys gehou. Mandela het weer die onvoorwaardelike vrylating van alle politieke gevangenes versoek, wat Botha geweier het. Botha het in Augustus 1989 as staatspresident bedank.
- In Desember 1989 het Mandela met die nuwe staatspresident, FW de Klerk, vergader. Die regering het besef dat apartheid aan die kwyn was en besluit om met formele onderhandelinge met die ANC te begin.
- Op 2 Februarie 1990 het staatspresident FW de Klerk die ontbanning van die ANC en alle ander verbanne politieke partye aangekondig, asook die vrylating van Mandela en alle ander politieke gevangenes. Op Sondag 11 Februarie, ná 27 jaar in die tronk, is Mandela vrygelaat.
- In Mei 1990 het Mandela ’n ANC-afvaardiging gelei vir gesprek met die Suid-Afrikaanse regering by Groote Schuur in Kaapstad, en die Groote Schuur-minuut is die resultaat. Die ANC en die destydse regering verbind hulle só tot die beëindig van die politieke geweld wat die land verswelg het.
- In Julie 1991 is Mandela verkies tot president van die ANC, as opvolger van Oliver Tambo wat reeds siek was.
- Mandela het die Nasionale Vredesooreenkoms namens die ANC in September 1991 onderteken. Hierdie ooreenkoms behels prosedures om die politieke geweld te beëindig.
- Die eerste vergadering van Kodesa (Konvensie vir ’n Demokratiese Suid-Afrika) het in Desember 1991 plaasgevind. Twee vergaderings was vrugteloos en die ANC doen oproepe vir ’n massasaksieveldtog om druk op die Suid-Afrikaanse regering te plaas.
- Op 13 April 1992 het Mandela tydens ’n perskonferensie aangekondig dat hy en sy vrou, Winnie, ingestem het om te skei weens hul onversoenbare verskille.
- Mandela het oproepe gedoen vir selfbeheersing, dissipline en vrede ná die sluipmoord op Chris Hani, die leier van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, in April 1993.
- Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesings het van 27 tot 29 April 1994 plaasgevind en die ANC het 62% van die nasionale stemme gewen. Op 9 Mei is Mandela as president verkies.
- In sy staatsrede op 24 Mei 1994 het Mandela die heropbou en ontwikkelingsprogram aangekondig.
- Op sy 80e verjaardag op 18 Julie 1998 het Mandela met sy derde vrou, Graça Machel, die weduwee van die voormalige Mosambiekse president, Samora Machel, getrou.
- Mandela het in Junie 1999 uit die aktiewe politieke lewe getree nadat hy sy eerste termyn as president voltooi het, maar het steeds ’n aktiewe bemiddelingsrol in konflikte regoor die wêreld gespeel.
- In 2003 is kanker by hom gediagnoseer en op 1 Junie 2004 het Mandela aangekondig dat hy uit die openbare lewe tree om ’n rustiger lewe te lei. Hy het baie van sy tyd aan fondswerwing vir die Nelson Mandela-kinderfonds gewy.
- Die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies het op 10 November 2009 aangekondig dat Mandela se verjaardag, 18 Julie, voortaan as Mandeladag bekend sal staan, waarmee erkenning gegee word aan sy bydrae tot vryheid en menseregte.
- Mandela het op 5 Desember 2013 vreedsaam by sy huis in Houghton Estate, Johannesburg, gesterf. Sy gedenkdiens is op 15 Desember in die FNB-stadion, Johannesburg, gehou en is deur 91 staatshoofde bygewoon.
- Ten tyde van sy dood is Mandela oorleef deur sy derde vrou, Graça Machel, sy tweede vrou, Winnie Mandela, en hul twee dogters, ’n dogter uit sy huwelik met Evelyn Mase, en 18 kleinkinders.